*Saterdag* **14 Junie**

**Skrifgedeelte: Psalm 89 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Psalm 89:33-34 (AFR2020)**

**Die onvergelyklike Here bly getrou aan sy verbondsbeloftes … selfs ten spyte van sy straf!**

Die digter is hier in ’n denkbeeldige tweegesprek met die Here gewikkel – iets wat ek en jy dalk ook doen in die worsteltye van ons lewe. Dit begin met ’n lofsang … en hy het soveel rede om die Here te loof – vir sy troue liefde wat Hy vir sy volk koester en wat onverbreeklik sal bly bestaan in die hemel en op die aarde. Hy loof die Here vir sy verbond wat Hy met sy dienaar Dawid gesluit het en daarmee ’n ewige koningskap aan sy huis beloof het. Hy loof die Here vir sy wondermag wat Hom bó alle wesens in die hemel en op die aarde stel. Daar is niemand soos Hy nie! Drie maal word sy onvergelyklikheid besing: die hemelwesens vrees Hom, Hy word Here, almagtige God, genoem en Hy het absolute gesag selfs oor opstandige wêreldvolke (ontstuimige see) en oor die bose chaosmagte wat deur hulle heidense buurvolke aangehang en aanbid word.

Die Psalmdigter vind oorweldigende vreugde in die Here se beloftes oor Dawid, sy gesalfde koning wat onoorwinlik sal regeer, die volk se vyande sal verpletter, sy volk sal beskerm en sy magsgebied al verder sal uitbrei! *U, Here, het dit self oor u troue dienaar gesê ...* (vs 20).

Maar dan ... voel dit vir hom asof die Here sy verbondstrou van hulle weggeneem het, die koningslyn van Dawid tot niet gemaak het en sy verbondsvolk verlaat het. Dit is moontlik ’n verwysing na die pyn en verndering wat die volk tydens ballingskap verduur het – as straf op hulle voortdurende ongehoorsaamheid! Wat nou van sy verbondstrou, vra ek en jy, óók as ons sonde diep wonde in ons gees en liggaam slaan?

Wat doen die Psalmdigter onder sulke omstandighede? Hy neem die Here op sy Woord, die Here wat sê: *Maar my troue liefde sal Ek nie aan hom onttrek nie, en Ek sal nie my trou verloën nie* (vs 34).

Die feit is, sy verbondstrou bring straf as ons ontrou aan sy verbond geword het en aan Hom ongehoorsaam is, maar tog is dit onverbreekbaar. En dit is só, omdat sy onverbreekbare verbondstrou werklikheid geword het in Jesus Christus, uit die geslag van koning Dawid. Hy is verwerp en geslaan om vir die sonde te betaal van elkeen wat biddend voor Hom staan en vra: *Here, wees my, sondaar, genadig ...*

*Sing: Psalm 89-2:1, 5*

*Ds. HC (Charl) van Rooy (Randburg)*